

KULTURELE BETEKENIS VAN DIE VOLKSLIED

Deur

W. ERLANK

[Onderstaande is 'n woordelike weergawe van die toespraak wat mnr. Erlank by geleentheid van die Kultuurkongres in Kaapstad gehou het. Die toespraak het soveel byval gevind dat ons mnr. Erlank na afloop van die kongres versoek het om dit vir ons op skrif te stel, al moes dit ook 'n bietjie lank na die kongres verskyn.—Red.]

DIT is in opdrag van die F.A.K.-bestuur dat ek vandag hier 'n praatjie kom hou — ja, noem dit maar liever 'n praatjie, want die geleerde woord referaat veronderstel heelwat meer saakkundige kennis as wat ek van die onderwerp besit — „Kulturele betekenis van die Volkslied.” Hulle het my, soos daardie Boereuseun gesê het met die Suidwes-veldtog, gekommandeer om te vrywillig; dus moet u al my foute op hulle rekening plaas.

Daar is nog 'n ander, minder persoonlike moeilikheid, wat 'n praatjie oor die kulturele betekenis van die volkslied oplewer: As ons die ontstaan, die verspreiding en die kulturele deurwerking van die volkslied hoe oorsigtelik ook wil behandel, moet ons minstens 'n paar uur tot ons beskikking hê, en nie die halfuurtjie waarvoor ek beleefd u aandag versoek nie. U sal my dus verskoon as ek 'n bietjie te rond en bont praat; as ek, in die woorde van 'n ou volksraaiseltjie, net so 'n bietjie hier kiek-kiek en daar kiek-kiek, dan woerts terug in my stoel.

En as ons praat van die volkslied, moet ons dit veral nie verwar met die vaderlandslid of „national anthem,” wat maar 'n besondere soort volkslied is nie. Onder die benaming volkslied word verstaan al die verskillende soorte arbeidsliedere, dansliedere, minneliedere, natuurliedere, historiese liedere ens., wat met verloop van eeue ontstaan het uit die volksmassa en verder voortleef in die mond van die volksmassa. In sy suiwerste vorm is die volkslied dus 'n massaproduk. Dan is daar die volkslied wat deur begenadigde enkelinge geskep is, maar in gewysigde of ongewysigde vorm deur die massa aanvaar word as suiwerse vertolking van sy diepste, innerlikste wesensdrang. Dit kan alleen gebeur as die digter en melodist hom sodanig vereenselwig het met die volk en die volkskultuur, dat hy die versnelde polsslag van massavreugde, die swaar hygende asemhaling van massapyn, en die sterk stuwende golwing van massabegeerte kan aanvoel en vertolk in woord en ritmiek. Ek dink hier aan 'n uitspraak van Harold Vincent Milligan: „Every folk-song is first born in the heart and brain of some one person, whose spirit is so finely attuned to the voice of that inward struggle which is the history of the soul of man, that when he expresses his own feelings, he at the same time gives a voice to that vast multitude who live and die and give no sign.”

Om die massalewe so te kan aanvoel en vertolk, daartoe is jou mees begenadigde kultuur-digter soms, ek kan byna sê meestal, nie in staat nie. Die Hongaarse digter Sandor Ptöfi is die beste voorbeeld waaraan ek nou kan dink. Sy liedere en volksange was reeds bekend oor die hele Hongaarse Puszta, hulle was reeds ingeburgerde volkseieendom lank voor hy dit in 'n bundel versamel het. . . .

Maar hoe dit ook al sy — of die massasiel nou direk, of deur middel van 'n begrypende enkeling homself openbaar in sang, die uitwerking bly in hoofsaak dieselfde: 'n Ritmies-melodiese vertolking van daardie volk se innerlikste wese.

Miskien kan ek deur middel van 'n beeld, ontleen aan my onmiddellike omgewing, my bedoeling verduidelik. Die breedrustige deining van die seebodem stoot 'n ontelbare skare skulpies tuit op die strand. Die skulpies mag onderling verskil in grootte en vorm en kleur; maar hulle het tog een ding met mekaar gemeen: As 'n mens een van die skulpies by jou oor hou, kan jy die dowwe naruising hoor van dieselfde grootmagtige branderbeweging en immer-woelende seegeweld. So word ook die suiwerste volksliedere deur die leinende lewensbeweging opgestoot uit bodemlose lieptes van die volksiel. Hulle is onderling verkillende produkte en tog eenselwige vertolkers

van die diepste waarhede in verband met daardie volk se bestaan.

Ek sou baie voorbeelde kan noem om aan te toon hoe suiwer die volksverlede, die volksiel met al sy lag en al sy leed weerspieël word in die volkslied. As ons na Russiese volksliedere luister, vertel grys-grou mineur-klanke van jarelange onderdrukking en slawerny onder uitlandse oeweraars en inlandse Tsaars. En dan voel 'n mens ook saam met Tsjaikowski en Rimsky-Korsakov, wat soveel pragtige motiewe ontleen het aan die volkslied vir hulle komposisies, dat die Rus diep in sy diepste wese nog steeds 'n Oosterling is, ten spyte van eeuelange inwoning in Europa. Dieselfde geld vir die so lank onderdrukte Pole met hul Tartaarse bloedsmenging. Die volksliedere van die Hongaarse Sigeuners weer, waaraan Haydn, Franz Liszt en Brahms o.a. sulke pragtige motiewe ontleen het, is wild-droefgeestig, met fors-beeldende ritmes en kleurige ornamentasie. Dit kan nie anders wees as die liedere van 'n impulsiewe swerwersvolk, met 'n wondere natuur-liefde en kleurige kopdoek nie. Gewoonlik neem die Sigeuners die volksliedere oor van die land waar hulle vertoef, maar hulle wysig dit om aan te pas by hul eienaardige volkskarakter. So leef die Ierse volk in sy pragtige volksliederskat, ryk aan vertelling, ryk aan humor, ryk aan naïewe bygelowigheid, ryk aan natuur- en vaderlandsliefde, ryk aan warmte, soms heftige spontaneiteit. Vergelyk daarmee die saaklikheid van die Engelse volksliedere. Hulle handel oor die melkster en haar werk, die skaapherder en sy vee, die jagter en sy honde, die matroos, die timmerman ens. Alles die nugtere besigheidsagtige belangstelling in die alledaagse daadlêwe, as ons die werklik pragtige Kersliedere of Christmas Carols uitsluit. Dis die liedere van Napoleon se „nation of skopkeepers,” wat 'n Empire gebou het. Sover ek weet, het hulle egter nie 'n enkele lied op die godmyn en die aandeelmark nie!

So sou ons kan voortgaan om aan te toon hoe suiwer die volkslied die lewensomstandighede, die volkskarakter en -strewes van 'n nasie vertolk. En as hierdie punt begryp word, hoef ons nie te vra wat die kultuur-historiese betekenis van die volkslied is nie. Die persoon wat ooit 'n nasie se letterkunde, toonkuns of volkskarakter wil bestudeer het dus in die volkslied sy rykste en tewens betroubaarste bron van inligting.

Ek sê betroubaarste, en ek dink hier veral aan 'n uitspraak van die gebroeders Grimm, wat soveel gedoen het vir volkskunde in die algemeen en vir Duitse volkskunde in besonder. Hulle sê op een plek dat hulle geen enkele leuen in volkspoësie aangetref het nie. Die rede lê ook voor die hand. Die individu sal somtyds in sy onverantwoordelike jeug digterlike krokodiltra. . . huil oor 'n denkbeeldige nooi wat 'n denkbeeldige dood gesterf het en hom in denkbeeldige siele-eensaamheid nagelaat het; maar die volksiel, wat voor niemand hoef te poseer nie, sing, juig, huil en vloek, altyd spontaan en altyd opreg. Daar is geen enkele leuen in volkspoësie nie, hoewel volksliedere soms die grootste wêreldwandelaars is. Dink maar aan

„O, die liewe Marthatjie,” wat ook voorkom as 'n Franse spottiedjie op Napoleon, en as 'n Duitse kroegdeuntjie.

Dr. Karel Bücher het in sy *Arbeit und Rhythmus* die ontstaan van die volkslied herlei tot die ritmiese beweging van gesamentlike arbeid. Onlangs het ek self nog weer geleentheid gehad om die wordingsgang van 'n elementêre arbeidsliedjie te volg, waar groepe Kaffers lang tye besig was om spoorwegstawe en ander swaar voorwerpe te verskuif by die bou van Parkstasie. Eers die ritme van gesamentlike aksie, dan 'n begeleidende melodie gedra deur betekenislose klanke, dan die toepaslike woord as laaste ontwikkelings stadium. Maar grondslag van die lied bly per slot van rekening die rudimentêre lewensritme.

„In den beginne was het woord” — is dit Johannes of Jesaja wat so gesê het? „In den beginne was er rythme” — ek dink dis prof. Albert Verwey wat 'n bietjie oudeund oorlede Jesaja so geparafraseer het. En met ritme word bedoel die wesenlelement wat ten grondslag aan alle lewe lê, die eerste voorwaarde dus van alle lewensuiting, die eerste vereiste ook vir alle skoonheid.

En in die lig van hierdie beskouings kry die eenvoudigste volksdeuntjies en rympies iets meer as enkel kultuur — historiese betekenis, veral as ons bedink dat sommige van hulle die ewolusie van die mensheid meegemaak het. Dink maar net aan die eenvoudige raaiseltjies en rympies waarin die volksvernuf somtyds so goed tot uiting kom. Waar die onbeduidende peuterdingetjies in enger kring gewissel word tussen vader en moeder en kinders, skep hulle onmiddellik die so seer verlangde famieliekontakte wat ons met soveel sielkundige wysheid vergeefs soek vandag. Vir die kind is hulle as 't ware die alfabet van sy volkskultuur, die stafnotasie van die volkslied. En Afrikaans is betreklik ryk aan sulke volksraaiseltjies en -rympies.

Dan is daar die talle van vingerryme soos „Duimpie, Duimpie se maat” ens. Op die beerynde aanwysings van liggaamsdele soos „Handjies klap, voetjies stap, ogies kyk, neusie snuit, mondjie fluit, kinnebak, gorrelgat, karringmelk-vat.” Waar die kind se belangstelling in sy eie liggaam, volgens getuienis van die psigo-analise in hierdie stadium nog ergerlik beperk is, is sulke rympies van onberekenbare waarde.

Daaraan verwant is die rympies wat meer bepaald met die buitewêreld te doen het, soos „Trippe, trappe, trone, varkies in die bone”; of „sukke, pakke, sout en peper, gee my stoom dan loop ek beter,” of klanknaboetsende volksgediggies op die dierelêwe soos die donkie se „swaar, swaar, baie swaar.” Min besef ons wat hierdie rympies beteken vir die kind se geleidelike self-oriëntering teenoor die buitewêreld waarin hy meer en meer begin optree.

Nog belangriker die talle van troetel-rympies, koseliedjies en wiegeliedjies, waarvan daar beslis 'n mooi voorraad in Afrikaans is, soos „Slaap kindjie, slaap,” en „Soesa, my lam, Soesa my lam.” Ons is Afrikaanse moeders; maar hoeveel van die wiegeliedjies en rympies ken ons, as ons self of by monde van Aia Sabiena ons kindertjies in slaap wil sus? Ons is Afrikaanse vaders, maar hoeveel van die pragtige ruit- en knieperddeuntjies kan ons opsê as Jannie of Pietie neul dat pa 'n oomblikkie sy *Cape Times* moet neerlê? En ons sal vergeefs in die volksliteratuur van die wêreld soek na mooier knieperddeuntjies as „Hurte-hurte perdjies, met hul stompe stertjies”; of die oortuigende ryperd-ritme van „Hoe ry die Boere, sit-sit-so, sit-sit-so” ens.

Dink 'n bietjie hoeveel ryker aan suggestiewe gevoelsinhoud die belangrike woordjies „vader” en „moeder” word, as kindjie tot in sy latere

(Vervolg op bladsy 33.)

Kulturele Betekenis van die Volkslied

(Vervolg van bladsy 19.)

lewe die poësie van 'n wiegedeutjie of die romantiek van 'n knieperdrit daaraan kan vaskoppel. In ons moderne tyd van verbrokkelende famielielewe word hierdie armsalige peuterdingetjies opvoedkundige faktore van die allergrootste betekenis. 'n Baie intieme famielielid verseker my: „I cannot love my baby in Afrikaans, because there are no nonsense nursery rhymes in Afrikaans.” Sy het my laat dink aan die professor wat gesê het: „What I don't know, isn't knowledge.” En dit is die geval met baie Afrikaanse ouers wat nie besef watter ryk voorraad van kerngesonde Afrikaanse opvoedingsmateriaal hulle in werklikheid tot hul beskikking het nie.

Die aanwesigheid van 'n gebruikelike melodie by hierdie knieperd-deuntjies bring ons vanself tot 'n ander groep, die speldeuntjies soos: „Kolonjander, koljander, kom deur die bos”; „Daler, riksdaler, jy moet wandel”; „Kapatertjie buig jou swarte dop”; „Hoe gaan die weg na Rome toe” ens.

Ek gaan nie verder op hierdie primitiewe volksliedjies in nie en wil volstaan met 'n samevattende opmerking: Dit sou 'n kultuurdaad van die grootste betekenis wees as die F.A.K., in samewerking met manne soos prof. S. P. E. Boshoff en dr. S. J. du Toit, wat reeds baie in dié rigting gedoen het, die mooiste van ons kinderkeramerympies en kinderspelliedjies 'n bietjie kan redigeer en in goedkoop bundeltjies versamel, sodat hulle maklik voorhandig is vir ouers wat hul kinders 'n werklik Afrikaanse opvoeding wil gee. Dit sou voorkom dat ons kinders in slaap gesus word op die uitheemse „Rockabye baby, on the tree top”; dit sou voorkom dat Boereknopies leer perdry op die ondoenlike ritme van „Jack and Jill went up the hill”; dit sou verhoed dat onskuldige Boerebloedjies daar in die uiterste uithoeke van die platteland hul spel-sang-motiewe moet ontleen aan die intriges van die Engelse koninklike hof, soos ons gedoen het in „King William was King James' son, when the royal, royal race was run.”

Ek wil nie pleit dat ons jong mense weer soos voorheen tien voet diep in 'n „puts” moet staan om voetjie vir voetjie per soen daaruit verlos te word nie; ek wil nie pleit dat hulle weer soos voorheen tien jaarts lint met duim-lange soene moet afmeet nie, hoewel ek tog dink dat volksoepvoeders dikwels so knaend besig is met die higiëne van die liggaam dat ons die gesondheidsleer van die siel vergeet. En u sal my vergeef as ek net hardop dink dat daardie selfde sang-soenspeletjies miskien heelwat te doen gehad het met die ontwikkeling van 'n gesonde geslagslewe by die Afrikaner. Maar ek het dit nie gesê nie, net hardop gedink!

Gestel dan dat ons dié kiemdraende speletjies weglaat, dan is daar nog dosyne ander wat alleen uitgedien is omdat hulle nie volgens oorsese mode en maaksel is nie. Daarom dat Afrikanergesellighede en -partytjies vandag so 'n skroomlike mislukking is, omdat ons getraakteer word op „musical chairs” en „musical arms,” wat in sy Afrikaanse vertaling 'n snaakse soort „musikale stoel of arm” geword het. En jou Boeresiel weier eenvoudig om daarop te reageer, omdat hy die grap van die hele Lesigheid nie insien nie. Ons moet die neiging tot spontane spel by ons kinders en die neiging tot spontane geselligheid by ons jong mense aanmoedig; en daarom pleit ek net vir die behoud van en voortbouing op spel- en sangmotiewe waarin die natuurlike lewensblyheid van ons volk gedurende meer as twee eeue tot uiting gekom het.

Dit bring ons vanself tot die dans- en pieknieklidjies waaraan Afrikaans, as alles in aanmerking geneem word, beslis nie so arm is as sommige professionele twyfelaars wil voorgee nie. (U weet, sodra iemand te sleg is om Afrikaner te wees, word hy professionele twyfelaar aan al wat Afrikaans is.) As ons in aanmerking neem die maatskaplike en ekonomiese omstandighede waaronder die Afrikanernasie groot geword het; as ons in aanmerking neem die stremende invloed van die kerk en kerkmusiek, Engelse kerkmusiek dikwels; as ons in aanmerking neem die bitter harde worsteling teen 'n weerbarstige natuurwêreld — as ons hierdie en baie ander omstandighede in aanmerking neem, verbaas dit ons dat die Afrikaanse

volk nog so ryk is aan egte volksdans- en pieknieklidjies. Ek gaan u nie vermoei met 'n opsomming van selfs die vernaamstes nie en verwys u net na die versameling van prof. S. P. E. Boshoff en mnr. L. J. du Plessis, en na die studïe van dr. S. J. du Toit oor *Die Suid-Afrikaanse Volkspoësie*. Dis pionierswerk van onskatbare waarde. Ongelukkig betaal die Afrikaner so dikwels kontant vir sy toegangkaartjie tot een of ander dood-en-donderslag-bioskoopprent; maar sy Afrikaanse leesboek en liederboek leen hy van sy buurman, d.w.s. as hy nog belangstelling toon.

Afgesien van die kultuurhistoriese betekenis van daardie liedjies, waarin soms soveel as drie kulture in grillige verbinding saamgevat is, het die pieknieklidjies vir ons ook nog 'n dieper betekenis. Ek het aan die begin daarop gewys dat ritme die wesenselement is van alle woord- en toonkuns. Dit word die beste waargeneem en miskien ook die meeste veronagsaam in hierdie pieknieklidjies. Hoe dikwels hoor 'n mens met 'n waanwyse skouerophaling vra: „Ag, man, wat is nou eintlik die waarde van sulke betekenislose Kafferliedjies as „Pollie, ons gaan Pêrel-toe,” en „Daar kom 'n wa, 'n vierperdewa,” en „Aai, aai, die witborskraai” ens.” En ek moet beken dat 'n mens dikwels geneig is om met 'n meerderwaardige glimlag neer te sien op „Oom Kalie” as hy onder die besieling van 'n „stywe dop” die „besemstok” gebruik om sy swakkere vat se hoepels 'n bietjie reg te klink. Ons lag, om dr. J. R. L. van Bruggen se woorde te gebruik, ons lag oor die deuntjie wat Siembamba in slaap sus, dan skielik moordpleeg op die geabbade onskuld, sy kop te pletter trap en met tekenende piekniek-onbesorgdheid hom dood in die sloot laat lê. Betekenis, logiese gedagtegang is daar nie in die liedjies nie; dis ene hoenderkop-en-pootjies-tamatieslaai-affêre wat spot met ons begrippe van ruimte en tyd. Maar die kragtig-dinamiese ritme, wat die skeefste paar horrelpote in tiekiedraai-beweging bring, dit is die wesenselement, die grondslag van alle poësie. Daarin, en in die pakkend-eenvoudige melodie lê die intrinsieke waarde van die pieknieklidjies, net soos die Jazz waarskynlik 'n noodsaaklike oorgangstadium in die musikale ontwikkeling van die Amerikaanse volk is.

Dit sou goed wees as al die salondigters en komponiste van ons moderne beskawing by wyse van natuurgenesing 'n Afrikaanse piekniekkuur kon ondergaan. Hul spysvertering sal verbeter onder die braaivleesreuk, hul longe sal weer sterk word in die omgewing van Afrikaanse son en veld, daar sal weer stukrag kom in hul digterlike siele en oortuigingskrag in hul digterlike woord.

Ek sou kan wys op talle van groot Europese komponiste wat hul besieling gesoek en gevind het in die frisse spontaneiteit van die volkslied en die volksdans. Haydn het omgang gemaak met die arm arbeidersklasse, sy hart was vol van hul vreugde en smart, hy het die tragiese humor van hul lewe opgevang en vertolk in sy eie skeppings. Hy is die vader van humor in musiek. Chopin het die Poolse danse met hul fors getekende ritmes verwerk in sy eie komposisies. Dvorak het Boheemse melodieë gebruik, Beethoven Skotse, Ierse. Walliese en Italiaanse volksliedere. Byna alle groot komponiste het een of ander tyd in die volkslied gaan soek wat alle toonkunstenaars nastreef in hul werk, nl. die lewenskragtige ritme, die frisse, bekoorlike melodie en die ongekunstelde natuurlikheid, direktheid, spontaneiteit.

En ek voel seker dat intiemer kennismaking met ons Afrikaanse piekniek- en ander liedjies ook óns digters en komponiste sal besiel tot skeppinge wat meer lewensvatbaarheid besit as sommige van die tegniese volmaakte en melodiese mismaakte kunstprodukte. Met intiemer kennismaking bedoel ek nie net studie onder die weelde van 'n satyngekussingde leunstoel en 'n C-to-C-sigaret nie; maar meelewing daar in die veld, die enigste plek waar 'n pieknieklid tot sy reg kom.

In hierdie verband wil ek ook noem ons Kafferdanse, wat miskien net soveel bruikbare motiewe kan oplewer as die neger- en Indiaanse danse en liedere wat Stephen Foster en MacDowell met soveel sukses geëksploiteer het in Amerika.

Maar ons is somtyds doof-stom-blind vir die moontlikhede wat in ons Suid-Afrikaanse eiegoed skuil. Hier kan ek nie nalaat om u twee insidente

van pynlike verwording en sieklike verrotting mee te deel nie. Toe my trein 'n tydjie gelede by 'n sekere stasie op die Rand stilhou, wag daar toevallig 'n Kaffertrein. 'n Hele klomp van die mynkaffers was besig om onder begeleiding van 'n wild-eentonige maatsang hul krygsdans uit te voer. Terwyl ek die gespierde liggame in forse dansbeweging sit en bewonder, sien ek eenkant 'n vereensaamde peperkorrelkop uit die venster leun, as toonbeeld van die beliggaamde lamledigheid. En tussen dik gekrulde skoensool-lippe bewe die Engelse liefdesliedjie: „Cuddle closer, cuddle closer, just as lovers do, dear.”

'n Ander soortgelyke ondervinding: Dit was by 'n Dingaansfeesviering, waarby die 15e Desember gewy was aan Boeresport en -feestelikhede. Al die Boere-seuns en -dogters het met gloeiende wange, onder die begeesterende invloed van „Vanaand gaan die volkies koring sny,” uithalerdansbewegings dwars oor die graspolle verrig; maar heeltemal eenkant het 'n groepie seuns en dogters gesit, nogal onder 'n voorvaderlike doringboom. Die meisies het almal rooi-rooi rose op hul wange gehad, maar van dié soort rose waarvoor 'n mens kontant betaal by die apteek. En toe ek nader tree, hoor ek die tjankende geluid van 'n grammofoon sing: „I'm sitting on top of the world, just rolling along, just singing a song.” As Jan van Riebeeck skielik voor my gestaan het, gekleed in die wipperige fraaiings van 'n Franse aktrise, kon ek nie meer verbaas gewees het nie. As daardie Kaffer en daardie Boere-seuns en -dogters maar wis van die besieling wat uitgaan van die eie, hoe onvolmaak dit ook al is, sou hulle nie uit die vreemde aangewaaide sentimentaliteite uitgesnikker het nie.

Uit die vreemde aangewaaide sentimentaliteite — dit bring my by 'n ander afdeling van die volkslied wat effens hoër staan wat versifikasie, bewoording en melodie betref, nl. die minnelied. Selfs in die pieknieklidjies tref ons herhaaldelik die liefdesmotief aan, maar daar was die ritme hoofsaak. In die minneliedjies word die nadruk verskuif. Na die woorde en melodie, hoewel die gesonde, onbedorwe natuurlewe nog altyd gevoel word in die ritme. Die liefde is nog 'n natuurlike uiting van somerwarme lewensvolheid, die beminde is 'n fris, gesonde Boerenooi, wat jy met 'n spogperd moet benader oor die huwelik, en met 'n rooiwiel-wa en 'n rooi span osse moet wegneem na die huwelik; sy is nog nie 'n verbleekte teringlyer of laventeljuffertjie vir wie jy maan en sterre moet saambind tot ruiker nie.

Dis eienaardig dat ons so min oorspronklike produkte in hierdie genre het. Miskien is dit gedeeltelik te wyte aan ons 17e eeuse Hollandse voorouers se nugter-saaklike lewensbeskouing, waardeur daar, volgens getuienis van prof. Kalff, juis in daardie tyd 'n armoede aan natuur- en minneliedere in die volksang van die Hollandse stamland was. Dink bietjie aan 'n gediggie soos dié van Spieghele, wat in baie opsigte nogal kenmerkend van sy tyd was. Dis 'n gediggie op een van die mooiste blommetjies van die veld:

„Dus spreek de madelieve:
Hier sta ik op het veld.
Eet mij tot zijn gerieve
De koe, terstond ik smelt
Tot mis; en valt die neder
Hierbij in 't groene gras,
Daarna wordt ik licht weder
Een madeliefken teeder,
Zoo ik tevoren was.”

Dis bietjie van 'n onsmaklike en beslis ondigerlike kringloop wat oom Spieghele die madeliefie laat deurmaak om die wysheid van die Skepper aan te toon. Vergelyk daarmee die Afrikaanse natuur- en liefdesgediggies uit die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. Dit sal u tref dat die woelige daadlewe van die Afrikaner hom nog verder 'n enigins pragmatiese lewensbeskouing laat ontwikkel het, waarin die nuttigheidsbeginsel sterk op die voorgrond tree. Voorwaar 'n baie onvrugbare bodem vir natuur- en liefdeslied. Dan was ons streng Calvinistiese voorouers, weer net soos hul Hollandse tyd- en stamgenote, gewoonlik na die huwelik afkerig van „Zotte van vleeslike liederen.” As ons daarby nog onthou dat die liefdeslied hoër eise stel wat versifikasie ens. betref, kan ons verstaan dat daar so min oorspronklikes in Afrikaans is.

Die prettige *Mama, ek wil 'n man hê*, is ontleen aan 'n Keulse volkslied, wat deur die groot

Kulturele Betekenis van die Volkslied

komponis Brahms vereer is met 'n begeleiding. Die verafrikaansing is egter uitstekend. *Sannie Beyers* is 'n vrye vertaling van Byron se *Maid of Athens*. *Sarie Marais* is vry bewerk na *Ellie Rhee*, wat reeds voorkom in die *Scottish Students Song Book*. *Die Brug op ons Plaas*, waarvoor P. I. Hoogenhout, meen ek, die woorde gedig het, „Kom ons gaan blomme pluk” ens. — almal vry bewerk na Engelse en Duitse liedere. Selfs so 'n tiepies Afrikaanse liedjie as *Wanneer kom ons troudag, Gertjie*, is van twyfelagtige herkoms. Maar hulle is almal hier genaturaliseer, hulle het die straledoop van ons suidersonnegloed ontvang, die fris veldwindjie het daardeur gewaai, hulle het Afrikaans geword. En selfs as ingeburgerde volksliedere is hulle frisser, gesonder, lewenskragtiger as sommige van die goedkoop ballademusiek wat met trane en ander nat geluide opklink in ons Haai-Sosaiëtie-sitkamers vandag.

Ons is 'n jong volkie-in-wording, met 'n sterk opborrelende lewensdrang; daarom durf ons nie ons liefdelewe voed met die oorryp produkte van 'n oorryp, dekadente beskawingslewe nie. Die oorbeskaafde en geblaseerde Europeaan van die Londense en Paryse salons het sulke prikkels nodig as „Give me a cosy little corner in an armchair for two”; en „Yes, we have no bananas,” al is laasgenoemde lied 'n onheilige diefstal uit die Halleluja-koor van Händel se groot oratorio „Die Messias”; maar die natuur-gesonde Boere-seun en -dogter kan nog sterk genoeg reageer op die gewone, ongekruidde, ongepeperde liefdeslied, wat harmoniëer met die stem van die ontwakende lente, met die verlangende gekoer van die tortelduif en met die borrelende sange van die rooikruisvink. Die produkte van 'n oorverfynde beskawingslewe kan alleen soos 'n obsessie druk op ons gr-eikragtige jeug en in emosionele sin lei tot vroeg-ryp-vroeg-rottige ouderdom. En omdat die dinge hulself as beskaafd voordoen, is hulle dubbel gevaarlik. Die deursnee-mens kan nie insien dat die Boere-seun met sy spogperd en pa se kispakklere aan oneindig veel meer waaragtige liefdeskultuur besit as die blinkerige saletjonker, wat in sy geparfumeerde onbenulligheid liefdesleuentaal op 'n sofa uitkweel nie.

Verstaan my goed, ek maak geen beswaar teen Europese klassieke of Europese volkskuns nie. Graag sou ek sien dat al Schubert en Schumann en Hugo Wolf se sange b.v. vir ons toeganklik gemaak word in goeie vertalings. Ook die kern-gesonde volksliefdesliedere van kultuur-verwante nasies soos die Hollanders en Duitsers. Maar ek waarsku net teen die musikale vlinders-van-een-dag, wat uit die vreemde aangefladder kom, vir 'n maand of so die „rage” is in elke ontvangskamer en dan as gifmotte verhuis na die moerasse van ons armlankedom. Ons is in baie opsigte nog 'n natuurvolk, ons liefdeslied moet groei uit die lentesang van ons velde, uit die produkte van ons eie volkslewe, verryk en verdiep as u wil deur die volksang van stamverwante Hollanders en Duitsers. Dan alleen word die kontinuïteit gehandhaaf, dan alleen kry ons 'n gesonde natuurlike ontwikkeling van ons gevoelslewe.

Die liefdelewe van ons volk word vandag geprostitueer deur die dekadente salonmusiek, maar dieselfde geld vir die musiek wat ons Afrikaanse nasievoeling moet bevorder. Dit bring my by die laaste soort volkslied waarmee ek hierdie al te lange praatjie wil afsluit, nl. die vaderlandslied of „national anthem.” My eerste herinnerings aan 'n eie vaderlandslied gaan terug na 'n vyfde-rangse plaasskooltjie daar in die ver-westelike Transvaal. Daar moes ons klompie wilde Boere-seuntjies gereed by die opening en sluiting van die skool „God save the King” uit volle bors sing: „Frustrate their knavish tricks, confound their politics, on Thee our hope we fix, God save us all.” Die pragtig sangerige versmusiek en die sielverheffende melodie was natuurlik verspil op ons onbeskaafde Boere-ore. Gevolglik was die kulturele waarde vir ons beperk tot die laaste versreël „God save us all,” waar die gebed minder insulër-begrens is. Gelukkig dat ons later, toe ons die jare van onderskeiding bereik het, nog dikwels die lied kon hoor in bioskope en teaters; anders wonder ek wat van ons musikale ontwikkeling sou geword het!

My eerste herinnerings aan 'n eie vaderlandslied, waarskynlik ook u eerste herinnerings! En wie sal die honger in die kinderhart beskryf, die honger na iets wat inheems is aan eie veld en lug, inheems aan eie koppie en krans, inheems aan eie volkslewe in al sy uitgestrektheid oor verlede, hede en toekoms? 'n Honger wat vandag nog gevoel word in soveel Afrikaans-medium-skole, wat in werklikheid maar Afrikaans vertaalde Engelse skole is!

Meer nog as die feeslied, natuurlied of liefdeslied is die vaderlandslied produk van die kollektiewe emosie van die massa, al kom dit ook meestal tot uiting by monde van die enkeling. En dis veral interessant om te sien hoe ritme en tempo van die volkslewe soms wysigend, herskeppend inwerk op ingevoerde produkte. Die *Star Spangled Banner* van Amerika is b.v. woorde wat Francis Key gedig het gedurende die Burgeroorlog; maar die wysie is dié van *Anacreon in Heaven*, 'n lied wat menige waggel-tredende matroos in Engeland vergesel het na sy skip. Die Dollarland se volkslied ontleen aan 'n Engelse drinkliedjie! Die Amerikaanse vriende sal my verskoon dat ek nog die geval van hulle so populêre *Yankee Doodle* noem. *Yankee Doodle* het baie gelaatstrekke gemeen met 'n Hollandse kinderkamerlied, 'n Duitse straatliedjie, 'n Engelse volksdans, 'n volksliedjie uit die Pireneë en een uit Hongarye — sodat *Yankee Doodle* nie meer weet wie sy pa of ma was nie. Maar soos een Amerikaanse skrywer sê, „we love our 'Yankee Doodle' all the same.”

Uit die talle van Franse vaderlandsliedere noem ek u net een interessante geval, die bekende *Malbrouk s'en va-t-engerre*. (*Malbrouk trek ten stryde*). By die Arabiere is dit 'n populêre volksdeuntjie. Vermoedelik is dit met die Kruistogte oorgebring na Europa. Dan raak dit vir vyf of ses eeue verlore. In 1781 sing Marie Antoinette dit om die jong Franse prins, die Dauphin, in slaap te sus. Die lied neem Parys stormerhand in, dit word gehoor in alle salons, in kafees, op die hoeke van die strate. Die lied spring oor die kanaal na Engeland, waar dit verewig word as geselligheidslied in die woorde „For he's a jolly good fellow.” Vandaar die Afrikaans „Want hy's 'n lekker kêrel.” As 'n mens saans wil konsentreer terwyl jou oorstraatse bure 'n partytjie hou, wens jy meermale dat Malbrouk tant Maria vergesel het na die guillotine! *)

So terloops, ons het darem later jare die Franse vergoed vir hierdie erfstuk uit die vyfde hand. Ek dink dit was na die besoek van pres. Paul Kruger aan Parys dat die Transvaalse volkslied, die besielende „Kent gij dat volk vol heldemoed,” in Franse gewaad letterlik deur die strate van Parys gewandel het as „Connessez-vous ce peuple fier.” Ongelukkig het die Franse natuurlik met die vertaling ook die heldemoed op eie kredietrekening oorgeplaas!

Maar ek gaan u nie vermoei met meer voorbeelde nie. Vergun my een algemene opmerking: As ons die gedaanteverwisseling van hierdie vaderlandsliedjie nagaan, sal dit ons opval dat ritme en tempo telkemale gewysig word om aan te pas by die lewensgang van die volksmassa waar die lied burgerreg kom oeps. U weet almal hoe verskillend „O Boereplaas” klink in die mond van 'n groep Afrikaanse studente en in die mond van 'n klomp Red-Flag-helde op die vooraand van 'n verkiesing.

By die volkoms ingeburgerde produkte het ons in Afrikaans egter 'n taamlike reeks goeie vaderlandsliedere waarin die ritme en tempo van ons volkslewe, en alles wat saamhang met ons Afrikaanse nasieskap, pragtig opgevang is. Daar is die lughartige kommandoliedjies soos „Bobbejaan klim die Berg,” „Wie het jou die naam gegee van Generaal Buller,” „Die kat kom terug,” „Daar onder in die pad sit 'n Engelsman,” en

„Ek ry op 'n donkie en die wêreld is kaal;
Die Kakies die kom oor die hele Transvaal;
Solank as die lepel in die pappot draai
Sal ons die mousers vir die Kakies laai.”

*) Na afloop van die praatjie vertel prof. S. P. E. Boshoff my dat die lied as „Malbroeka” ook in Afrikaans bekend is.

Dan het ons 'n taamlike reeks ernstiger vaderlandsliedere, vroeëre en latere produkte, waarvan die meeste reeds bekend is uit die bundels van Mansfeldt en Joan van Niekerk. Dis historiese liedere waarin die skrynende weedom van 'n hele volksverlede dof hoorbaar nahuiwer, dis vaderlandse sange waarin die lewensbeweging van selfbewuste, kragbewuste nasieskap met forser golfslag op ons aandein, dis brokkies gevoelsepiek wat ons nooit in die geskiedenis-handboeke kan aantref nie. Daar het u die mees stralende vertolking van die hoogste lewensmomente van die massa, sy vreugde om eie kultuurbesit, sy kragtige nasievoeling, sy massale wordingsdrang, sy onsterflike weedom, sy sonnige hoop op 'n eie toekoms.

Daarin lê die groot waarde van hierdie liedere. Praat met 'n Afrikaner soveel as jy wil oor nasieskap en kultuur, dit raak nie eens sy koue klere nie. Maar laat hom dit een maal beleef in gesamentlike sang; dan is hy goed op weg om sy verpappbroekte neutraliteit en sy verlamlendige vrede-boetie-kleurloosheid af te lê. Dit is soos MacDougall sê in sy „Group mind”: „There is nothing that so intensifies group consciousness, at the cost of individual consciousness, as ceremonial dancing and singing.” Daarvan getuig alle groot skrywers oor sosiale sielkunde.

Waar ons in Suid-Afrika met 'n nasie-in-wording te doen het, 'n nasie wat deur sy geringe mate van nasionaliteitsbesef en kultuurbewustheid soms onvergeeflik-swak staan teenoor die vreemde, het ons in hierdie vaderlandse liedere 'n geweldig sterke band van gemeenskap. Dit is liedere wat ons in een oomblik van super-indiwiduele emosionaliteit ons gemeenskaplike volksverlede, ons gemeenskaplike vryheidsdrang, en ons gemeenskaplike toekomshoop laat voel en beleef. Dit is of die afsonderlike indiwidue soos brokkies metaal in die wit gloed van massale besieling versmelt tot 'n gloeiende, vloeibare eenheid. Dit is die geheim van die dinamiese krag wat daar skuil in sommige vaderlandsliedere soos die *Marseillaise*, wat deur Rouget de l'Isle gemaak is tydens die Franse Rewolusie, die *Walliese Men of Harlech*, die Ierse *Wearing of the Green*, en die Duitse *Wacht am Rhein*. Die koue, stugge, weerbarstige indiwidue smelt saam tot een brandende, gloeiende lawastroom van passie, een vloeibare mobiele mensemenigte wat tot enigiets in staat is.

Ons wil die stramme, in dooie rus verstyfde, stukkend geroeste Afrikanerdom mobiel maak vir die kultuurstryd wat voorlê. Dan moet ons eers ons eie vaderlandsliedere en dié van stamverwante Hollanders en Duitsers ken en sing. Elke Afrikaner behoort b.v. die Hollandse *Wilhelmus* te ken. Ons is egter so begaan oor eie armoede aan vaderlandsliedere dat ons nie tyd kry om die enkele wat ons het, te ken en te sing nie.

Eers wanneer ons al ons eie volksliedere, van die eenvoudigste knieperdeuntjies tot die verheerener vaderlandse sange, almal ken en by geleentheid sing, dan eers is ons waaragtig Afrikaans-beskaafde Afrikaners. Dan eers sal ons kom tot 'n selfbewuste, kragbewuste Afrikaanse nasionalisme. Nie die soort nasionalisme wat ons op die hoeke van die strate uitskreeu, om dit op die hoek van 'n volgende straat te verloën deur Engels te praat in 'n winkel of kantoor nie; nie die soort geleentheidsnasionalisme wat ons soos 'n kispakklere een maal in vyf jaar aantrek met verkiesingstye nie; nie die soort broeksak-nasionalisme wat afneem in tye van depressie nie — maar daardie soort nasionalisme wat geword het tot 'n innerlike wesenheid, tot 'n innerlike lewensvolheid, tot 'n innerlike dadedrang om in diens van 'n ideaal jouself te verloor en 'n verheerlikte self te hervind.

As ons ook deur beoefening van die volkslied in al sy uitingvorms waaragtige besitters, eienaars en erfgename van ons eie volkskultuur geword het, sal in die volheid van tyd daaruit ook die Afrikaanse vaderlandslied gebore word wat, soos die oranje-blanje-blou van ons vlag, in huiwerende klanke van hoogste ontroering die waarheid van ons Afrikaanse nasieskap verkondig, hier en oor die hele wêreld.

Opvoeding beteken nie om mense te leer om te weet wat hulle nie weet nie. Dit beteken om hulle te leer om hulle te gedra soos hulle hul nie gedra nie.—John Ruskin.